

22 Julie

**Skrifgedeelte: Psalms 42 en 43
Fokusgedeelte: Psalms 42:6,12; Psalm 43:5**

Vertrou op die Here – ook in swaarkrytje!

Die inhoud van hierdie twee psalms pas duidelik bymekaar. Waarskynlik was dit vroeër een psalm. Hulle is soos Psalm 44-49 deur die Koragiete gedig. Die Koragiete was nakomelinge van Korag wat leiding geneem het met die koorsang en tempelmusiek.

Ons vind hier 'n gelowige wat swaarkry. Elke kind van die Here ervaar soms beproewings. Miskien is jou lewe vandag 'n swaarkrylewe en wil jy saam met die digter uitroep: "U het golf na golf oor my laat slaan." Jy verduur dalk fisiese pyn vanweë siekte of ouderdom. Dalk is die pyn meer in jou binneste: jy is eensaam, jy verlang na iemand wat oorlede is of jy is moeg gesoek na werk.

Soos die digter van hierdie psalms voel ons in swaarkrytje ook soms so ver van God af. In jou hart worstel jy met die Here. Daar is baie "waaromvrae" in jou gemoed, maar die antwoorde is nie altyd duidelik nie. Soms ervaar jy dat die geesdrif, vuur en ywer in jou geloofsluwe afneem. Moenie dat swaarkrytje jou onderkry en jy in moedeloosheid en selfs ongeloof verval nie.

Kyk gelowig op na die kruis. Sien Jesus raak wat die grootste swaarkry in jou plek ervaar het. Dit het Hy alles gedoen om jou sondes weg te neem en jou verhouding met God heel te maak. Hy roep daar uit: "My God, my God, waarom het U My verlaat?" Daarom verlaat God sy kinders nooit meer nie, ook nie in swaarkrytje nie.

Bly gelowig op die Here jou God vertrou. Hou aan om te smag na die lewende God en sy Woord, sy lig en sy waarheid. Onthou dat niks, ook geen swaarkry, jou van God se liefde kan skei nie. Roep sommer nou vol vaste geloof die refrein uit wat drie keer in hierdie psalms voorkom: "Ja, ek sal weer vir Hom 'n loflied sing. Hy is my helper en my God."

Sing: Psalm 34:1

Ds L du P van der Vyver (Roodepoort)